



## Die debat rondom die "Frühkatholizismus"

W C Coetzer

### 1. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE BEGRIP "FRÜHKATHOLIZISMUS"

Die begrip "Frühkatholizismus" kan volgens Käsemann kortliks gedefinieer word as die verdedigende reaksie van die oergemeente teen die bedreiging van gnostisering. Die veronderstelling is dat daar 'n lang periode verloop het tussen die oergemeente en latere geskrifte en gevolglik het daar 'n gevorderde ontwikkeling van tradisie-oorlewering plaasgevind. Die kerk het tot 'n heilsinstituut geword wat nie meer die apostoliese woord as enigste norm aanvaar nie en deur haar leergesag legitimeer sy die Woord en die prediking (Käsemann, 1963).

Dit is nie absoluut duidelik wie verantwoordelik was vir die munt van die term "Frühkatholizismus" nie. Stephen Neill spreek die vermoede uit (1964:160) dat W. Heitmüller met sy werk *Taufe und Abendmahl bei Paulus* wat in 1903 verskyn het, moontlik die skepper daarvan kon wees. Käsemann se aanspraak op die beslaggewing van die term (1963:75) word ondersteun deur Kummel (1970:82) maar teengestaan deur Neufeld (1972:23). Laasgenoemde is van mening dat 'n ondersoek na die ontstaan van die begrip "Frühkatholizismus" 'n aanvang sal moet neem by die persoon van Johann Adam Möhler. In 1825 verskyn sy werk *Die Einheit in der Kirche, oder das Princip des Katholicismus, dargestellt im Geiste der Kirchenväter der drei ersten Jahrhunderte*.

Een van die subtitels noem hy "das Princip des Katholicismus" en volgens Neufeld bied dit die grondslag en basis vir die idee van die "Frühkatholizismus" (1972:4). In sy verdere bespreking van hierdie tema gee Neufeld ook aandag aan die standpunte van F.C. Baur, A. Ritschl en A. Schwegter. In die Harnack-Sohm debat speel die term "Frühkatholizismus" ook reeds 'n belangrike rol (Harnack 1910, Linton 1932). Verder dien die naam van A. Schweizer in hierdie verband vermeld te word. Dit was veral sy *Geschichte der Leben-Jesu-Forschung* wat in 1906 verskyn het wat teoloë in besonder bewus gemaak het van die eskatologiese karakter van die Nuwe Testament. Soos verder uit hierdie bespreking sal blyk, is dit sy standpunt van 'n "konsekwente eskatologie" wat 'n besondere rol sou speel in die debat rondom die "Frühkatholizismus", (Neill 1964: 191 e.v; J A Lombard 1959:24; Neufeld 1972:22).


Ten opsigte van E. Troeltsch se werk, *Die Soziallehre der christlichen Kirchen und Gruppen*, wat in 1911 verskyn het, merk Neufeld op dat "soweit zu erkennen ist, ist er der erste, der im wissenschaftlichen Bereich den Begriff 'Frühkatholizismus' durchgängig verwendet", (1972:17). Troeltsch se benadering tot hierdie tema was egter vanuit 'n sosiologiese oogpunt en gevolglik het die resultate van sy ondersoek min weerklank gevind by beide Protestantse en Katolieke teoloë. Albert Ehrhard was die eerste teoloog wat volgens Neufeld die begrip "Frühkatholizismus" nie alleen in die titel van

'n boek gebruik het nie maar ook 'n aantal opmerkings oor die betekenis en gebruik daarvan gemaak het (Neufeld 1972:20). Ongelukkig moet Neufeld egter byvoeg dat Ehrhard helaas geen definitiewe aanduiding gee van die milieu waarbinne die gebruik van hierdie term ontstaan het nie (1972:21).

Insouwerre dit gaan om die bydrae van Käsemann op hierdie terrein, is Neufeld van mening dat dit nie oorbeklemtoon moet word nie. Hy toon aan dat sommige van Käsemann se premisse reeds in 1846 figureer in A. Schwegler se werk, *Das nachapostolische Zeitalter in den Hauptmomenten seiner Entwicklung*. Nogtans gee Neufeld toe dat deur die bydrae van Käsemann, die problematiek rondom die "Frühkatholizismus"-gedagte lewendig geword het in die bewussyn van die moderne eksegeese.

Reeds in 1941-42 het Käsemann begin met 'n ondersoek aangaande die Pauliniese charismata. Hy het gepoog om 'n verklaring te vind op die totaal verskillende beelde van kerklike organisasie soos enersyds by Paulus en andersyds by Lukas en die Pastorale briewe aangetref word (Käsemann 1963:75). Die openbare debat ten opsigte van die "Frühkatholizismus" is finaal geïnisieer deur 'n voordrag van Käsemann in 1949 met die tema "Amt und Gemeinde im Neuen Testament", waarin hy onder andere die stelling maak dat Lukas "zum ersten Male die frühkatholische Traditionen — und Legitimationstheorie propagiert", (Käsemann 1965:132). Verdere bydraes van Käsemann in hierdie verband is gepubliseer en waarvan die belangrikstes vervat is in die eerste en tweede volumes van die bundel *Exegetische Versuche und Besinnungen* wat onderskeidelik in 1960 en '64 verskyn het.

Vielhauer se artikel "Zum 'Paulinismus' der Apostelgeschichte" verskyn in 1950. Hy sluit hom by Käsemann (1949/50) aan en kom tot die gevolgtrekking dat "Lukas steht mit den Voraussetzungen seiner Geschichtsschreibung nicht im Ur-



Ernst Käsemann.

christentum, sondern in der werdenden frühkatholischen Kirche", (1950/51:15). Twee verdere omvangryke werke het op die bydraes van Käsemann en Vielhauer gevolg, te wete Conzelmann se *Die Mitte der Zeit* (1954) en Haenchen se kommentaar op *Handelinge* (1956). Conzelmann benadruk veral twee gesigspunte: a) Die vertraging van die parousia het daartoe gelei dat Lukas die hoop op 'n spoedige wederkoms laat vaar het en in die plek daarvan 'n heilsgeskiedenis ontwerp het wat uit drie fases bestaan: Israel, Jesus en die kerk. b) Lukas skryf as historikus die eerste "Leben Jesu" terwyl die heilsgeskiedenis beskou word as 'n fase wat tot die verlede behoort. In sy kommentaar op *Handelinge* sluit Haenchen hom aan by

die uitgangspunte van Conzelmann. Lukas het die lewe van Jesus as heilsgeskiedenis beskou en 'n wesentlike onderskeid getref ten opsigte van die tydperk wat daarop gevolg het (1956:88).<sup>1</sup>

Met die arbeid van bogenoemde vier persone was die diskussie rondom die gedagte van die "Frühkatholizismus" in volle swang. Die debat is verder gestimuleer deur bydraes soos dié van Heinrich Schlier (1955), John Knox (1955), Willi Marxsen (1958), asook reaksie wat ontstaan het in Rooms-Katolieke geleerde soos byvoorbeeld deur Hans Küng (1962), Karl Hermann Schelke (1963) en Franz Mussner (1968). Dat daar egter nog lank nie tot 'n konsensus betreffende hierdie tema geraak is nie, behoef geen betoog nie. Uit die verdere bespreking wat volg, sal dit ook duidelik blyk.

## 2. BASIESE UITGANGSPUNTE VAN DIE "FRÜHKATHOLIZISMUS" SOOS UITEENGESIT DEUR KÄSEMANN EN ANDERE

Die basiese uitgangspunt van die konsep van die "Frühkatholizismus" berus op die gedagte van 'n insinking en 'n wegswaai wat op 'n stadium sou plaasgevind het vanaf die Nuwe-Testamentiese kerk (Talbert 1976:391). Die vraag wat gevolglik telkemale aan die orde gestel is, is wanneer en waar hierdie wegswaai presies plaasgevind het? Harnack is van mening dat die katolesisme in die tweede eeu begin opkom het in die stryd van die kerk teen die Gnostiek (1910:166). Die Bultmannskool daarenteen, het sedert die veertiger jare die standpunt gehuldig dat hierdie insinking reeds binne die Nuwe Testament 'n aanvang geneem het. Die ontwikkelings wat ná Paulus plaasgevind het, reflekteer volgens Bultmann hierdie verandering wat ingetree het. Dit impliseer dat die Nuwe Testament ten minste twee strata bevat te wete (a) 'n kerugmatiese kern — die ware evangelie, en (b)

'n stratum wat afstand gedoen het van hierdie kerugmatiese tradisie. Laasgenoemde word gevolglik as die "Frühkatholizismus" getipeer (Bultmann 1968:53-63; Floor 1976:82). Käsemann is egter nie bereid om die "Frühkatholizismus" as 'n element van die Nuwe Testament (soos deur hom gedefinieer) te aanvaar nie en dit noop hom tot 'n beskouing van 'n kanon binne die kanon. Die leer van Paulus soos vervat in Romeine en Galasiërs, staan vir hom sentraal en hy ontken dat Paulus die outeur van die Pastorale briewe is. Wat betref die beeld van die kerk in die Nuwe Testament soos onderskeidelik vergestalt in die egte Pauliniese briewe en Handeling, is daar vir Käsemann ook 'n radikale onderskeid (1960:109-134; Floor 1976:82). Ten grondslag van hierdie onderskeid lê die redenasie dat charisma en amp teenoor mekaar staan en dat elkeen beperk is tot opeenvolgende periodes. Die hele gemeentestruktuur binne die apostoliese kerk word gesien as 'n "ordning vom Charisma aus", en die charismatiese is dus die enigste funksie wat in die gemeente bestaan het. Die charismatiese word opgevolg deur 'n tweede periode waarin die institusionele op die voorgrond tree. Hierdie fase word dan die "Frühkatholizismus" genoem. Alles in die Nuwe Testament wat dui op 'n institusionele orde, word beskryf as 'n terugprojektering vanuit die "Frühkatholizismus" (Roberts 1963:141; Ridderbos 1965:204 e.v.; Beukes 1980:1).<sup>2</sup> Nuwe-Testamentiese geskrifte waarin die "Frühkatholizismus"-tendens baie duidelik na vore tree, is die volgende: dele van Matteus, Lukas — Handeling, Efesiërs, die Pastorale briewe, 2 Petrus en Judas (Morris 1973:122; Marshall 1974:224). Paulus word dus gesien as die primêre getuie van die vroeë charismatiese christendom terwyl lg. aantal geskrifte eksponente is van die insinking of wegswaai wat plaasgevind het en uitloop het op die "Frühkatholizismus".

## 2.1 Tipiese tendense van die "Frühkatholizismus" wat volgens voorstanders aangetref word in sekere Nuwe-Testamentiese geskrifte

Volgens voorstanders van die "Frühkatholizismus" figureer 'n aantal tipiese komponente hiervan in sekere geskrifte van die Nuwe Testament. Die mees prominente hiervan word vervolgens aan die orde gestel:

### 2.1.1 Ekklesiologie

In teenstelling tot die charismatiese bediening soos aangetref binne die Nuwe-Testamentiese kerk, is die beeld wat deur die "Frühkatholizismus" geprojekteer word dié van 'n hiërargiese kerklike organisasie. In reaksie op die aanslag van die Gnostisisme op die kerk word daar sterk klem gelê nie op die feit dat elke christen die gawe van die Heilige Gees ontvang het nie (soos wel volgens Paulus die geval is), maar eerder op die Heilige Gees wat aan diegene gegee is wat deur handoplegging in 'n amp georden is (Hd 6:6; 9:17; 1 Tm 4:14; 5:22; 2 Tm 1:6). Die ampte staan dus op die voorgrond terwyl die gedagte van 'n charisma totaal verdwyn het. Daar vind 'n ontwikkeling ten opsigte van die prinsipe van apostoliese opvolging en oorgelewerde outoriteit plaas. Daar moet voorsorg getref word vir die voortdra van die tradisie (1 Tm 1:10; 2 Tm 4:3). Prioriteit word verleen aan kerklike eenheid en konsolidasie (Käsemann 1963; Conzelmann 1968; Elliot 1969).

#### 2.1.1.1 Die kerk as heilsinstituut

Volgens voorstanders tree die gedagte van die "Frühkatholizismus" veral na vore waar die kerk tot 'n heilsinstituut ("Heilsanstalt") geword het. Hierdie ontwikkeling sou plaasgevind het ná die wegswaai vanaf die apostoliese kerk, waarvan reeds melding gemaak is. Gedurende hierdie fase word die apostoliese woord nie meer as enigste norm aanvaar nie. Die sakramente en die werking van die Gees



Petrus (regs) en Paulus op 'n Romeinse bronsmedalje uit die tweede eeu n.C. Uit *Geschiedenis van de Kerk*, red. Van Itterzon, J.H. Kok, N.V. Kampen, 1963.

het aan die amp gekoppel geraak. Die kerk, deur sy ampte en leergesag, legitimeer die Woord en die prediking (Conzelmann 1959:139). Die kerk, eerder as die Woord het nou die middel tot verlossing geword. Vanaf die apostels is die Woord aan die kerk toevertrou om dit op 'n outoritêre wyse te bewaar en te onderhou (Käsemann 1963:87; Marshall 1974:223).

### 2.1.2 Soteriologie

#### 2.1.2.1 Die dood van Jesus

Binne die konteks van die "Frühkatholizismus" sou Lukas nie 'n positiewe leer daargestel het ten opsigte van die verlossende betekenis van Jesus se lyding of kruis nie. Hy het dit eensins verbind met die vergifnis van sonde nie. 'n Begrip van die dood van Jesus as heilsdaad het dus by hom ontbreek. Die kruisdood word nie as soendood verstaan nie maar dit het sy oorsaak by 'n misverstand onder die Jode (Vielhauer 1950/51; Kümmel 1972).

### 2.1.2.2 Geloof

'n Ontwikkeling ten opsigte van die geloofskonsep is volgens voorstanders van die "Frühkatholizismus" duidelik waarneembaar binne die Nuwe Testament. Hierdie ontwikkeling is besonder prominent in 2 Petrus en Judas. Geloof word hier beskryf in objektiewe eerder as subjektiewe terme, in staties eerder as dinamiese terme. Geloof word nie beskou as die Geesgemotiveerde reaksie van die mens op die selfopenbaring van God in Christus Jesus nie (soos wel by Paulus die geval is). Soos in die Pastorale briewe is hier eerder sprake van geloof as 'n *depositum*, as 'n objek "wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Jd 1:3) en wat "verkry" is (2 Pt 1:1). Die geloof is dus getransformeer vanaf 'n aksie na 'n objek (Käsemann 1960:135-157; Elliot 1969: 217; Patzia 1980:30).

### 2.1.3 Eskatologie

Die verdwyning van die aanvanklike verwagting van 'n nabye wederkoms is vir Käsemann die crux van die "Frühkatholizismus". Dit is hierdie aspek in besonder wat vir hom tiperend is van die aanbreek van die tweede en laaste fase binne die Nuwe Testament.<sup>3</sup> Die vroeë christene het in 'n voortdurende verwagting gelewe van die spoedige wederkoms van die Here. "They had no need of institution and no interest in church history, for they thought that their Lord would come back speedily and bring this whole world system to an end", (Morris 1973:125). Omdat dit egter nie plaasgevind het nie, moes die vertraging van die wederkoms deur die kerk teologies verwerk en in hul geloofslewe verdiskonteer word (Grässer 1957). Lukas het gevolglik deur sy teologie van die heilsgeskiedenis hierdie hele probleem ondervang. Dit is 'n konsep wat deur Conzelman en na hom ook Eduard Lohse (1954) uit Lukas se geskifte ontwerp is. In die plek van die gespanne verwagting en gedreweheid deur die Gees het daar dus

die begrip van 'n verlossingsgeskiedenis getree en wat dan Lukas se antwoord op die teleurstelling en ontugtering van die vroeë kerk was. Hierdie konsep van die heilsgeskiedenis omvat drie fases te wete (1) die tyd van Israel en die profete tot by Johannes die Doper, (2) die tyd van Jesus, en (3) die tyd van die kerk en die Heilige Gees. Hierdie heilshistoriese konsep is die motief agter en doel van die Evangelie van Lukas asook Handeling (Conzelmann 1954; Käsemann 1965; Talbert 1976).

### 2.1.4 Kanonvraagstuk

Teen die agtergrond van die bespreking tot dusver moet Käsemann se stelling dat die Nuwe Testament nie alleen verskillende maar ook onversoerbare beskouings ten opsigte van die wese van die Christendom bevat, beoordeel word. Wat is die doel en funksie van 'n Bybelse boodskap wat nie eenduidig is nie? Daar kan nie meer gesteun word op die Reformatoriese beginsel van *Sola Scriptura* nie (versus Skrif en tradisie) omdat die Skrif met meer as een stem spreek. Daar kan ook nie meer 'n beroep gemaak word op die Nuwe-Testamentiese kanon as konstituerend vir die eenheid van die kerk nie. Vir Käsemann is die logiese konklusie die konsep van 'n kanon binne die kanon (1960:214-223).

## 3. ROME-REFORMASIE

Dat die diskussie rondom die "Frühkatholizismus" betekenisvol is ook vir die dialoog tussen Rome en die Reformasie, behoef geen betoog nie. In sy bespreking van Käsemann se standpunte stel die Rooms-Katolieke teoloog, Hans Küng, dit duidelik dat die stellings wat deur Käsemann gemaak is ten opsigte van die "Frühkatholizismus", vir die Rooms-Katolieke teoloog nie nuut is nie. Wat egter wel nuut is, is die feit dat hierdie stellings deur 'n Protestantse teoloog gemaak is (1965:138). Na deeglike oorweging van

die opvatting kom Küng tot die slotsom dat

"The dilemma of the Protestant theologian is obvious: either to accept early Catholicism as an element of the New Testament and thereby definitely embark on the road to 'late Catholicism', or else to reject early Catholicism as an element of the New Testament and correct the canon accordingly", (1965:139).

Van die twee moontlikhede wat daar volgens Küng vir Protestantse teoloë oop is, het Heinrich Schlier in 1955 eersgenoemde gekies. Sy ondersoek aangaande die strukturele orde van die kerk volgens die Pastorale briewe, wat in 1948 verskyn het in 'n bundel ter ere van Friedrich Gogarten,<sup>4</sup> het hom tot die konklusie gebring dat die "Frühkatholizismus" reeds binne die Nuwe Testament aanwesig is. In sy *Kurze Rechenschaft* meld Schlier dat die Nuwe Testament hom daartoe gelei het om die vraag te ondersoek of die Lutherse Belydenis, en meer spesifiek die moderne Protestantse geloof, in ooreenstemming is met hul eie getuënis. Gaandeweg het hy tot die oortuiging geraak dat die kerk waarvan hier sprake is, die Rooms-Katolieke Kerk is (1955a:17e.v.). Die gevolg was dat hy afgesien het van die Lutherse standpunt en 'n Rooms-Katolieke geword het.

Andersyds blyk dit duidelik uit die bespreking tot dusver dat Käsemann Küng se tweede alternatief gekies het en die beginsel van 'n kanon binne die kanon in hierdie konteks geïmplementeer het. Reaksie ten opsigte van Küng sowel as Käsemann se standpunte asook op die "Frühkatholizismus" in besonder, het nie uitgebly nie. Vervolgens word kortliks hieraan aandag gegee.

## 4. REAKSIE OP DIE "FRÜHKATHOLIZISMUS"-IDEE

### 4.1 Ekklesiologie

Resente studies het aangetoon dat die

onderskeid wat deur voorstanders van die "Frühkatholizismus" getref word tussen die gemeentelike organisasie binne die primitiewe kerk en dié soos weerspieël deur die Pastorale briewe en Handeling, nie altyd verifieerbaar is nie. Ten grondslag van hierdie onderskeid lê gewoonlik die gedagte van 'n teenstelling tussen Gees en orde, en gevolglik tussen charisma en amp — wat tans wel as 'n eensydige standpunt aangedui kan word (Sevenster 1951; Maurer 1956; Roberts 1963; Neill 1964; Ridderbos 1965; Kertelge 1972). Reeds vir die primitiewe kerk het die amp 'n wesenlike betekenis gehad en dit is duidelik dat amp en charisma mekaar nie uitsluit nie maar insluit. Vergelyk in hierdie verband Rm 1:1; 1 Kor 1:1; 11:1; 2 Kor 5:18 (Sevenster 1967:33). Die onderskeid tussen die charismatiese en nie-charismatiese dienste is onversoerbaar met die Pauliniese begrip van die charisma (Ridderbos 1965:205). Die charisma is 'n onontbeerlike voorwaarde vir die ampsdraer. Dit is die indikatief van die Gees, waaraan die imperatief om die amp uit te oefen, onlosmaaklik verbonde is (Roberts 1963:156).

### 4.1.1 Die kerk as heilsinstituut

Die beeld van die kerk as heilsinstituut eerder as die Woord, word deur Marshall getipeer as "the organizing feature of early Catholicism". Hierdie beeld is egter volgens hom afwesig binne die Nuwe Testament. Wanneer dit wel op 'n later stadium ná die afsluiting van die kanon tevoorskyn tree, verteenwoordig dit 'n definitiewe verrekking ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese boodskap (1974: 229). In hierdie verband toon Barrett aan dat Lukas se klem op die verkondiging van die Woord (Hd 2:14e.vv; 10:42; 11:20) juis 'n verifikasie is van die beslissende karakter van die Woord self (1961:72). Om die kerk en die Woordverkondiging in teenstelling tot mekaar te stel, impliseer dat twee bondgenote nou in konkurrensie tot mekaar staan (Marshall

1974:227). Kümmel stel die vraag of daar hoegenaamd gediskusseer kan word oor die vroeë katolieke karakter van die Lukaanse teologie omdat volgens hom grondliggende aspekte hiervan, soos byvoorbeeld die kerk as heilsinstituut, nie binne die Lukaanse geskryfte figureer nie (1978:115).

## 4.2 Soteriologie

### 4.2.1 Die dood van Jesus

Daar word toegegee dat die heilsbetekenis van die dood van Jesus in 'n mate by Lukas op die agtergrond tree. Tog moet die stelling gehandhaaf word dat Lukas steeds die versoeningsaspek laat geld het, hoewel in 'n mindere mate. Dit is byvoorbeeld betekenisvol dat by die laaste avondmaal daar slegs in Lukas se weergawe melding gemaak word van die brood as die liggaam van Christus wat vir sy kinders gegee word (22:19). In die daaropvolgende woorde aangaande die beker, word 'n begroning aangetref van die nuwe verbond deur Jesus se vergote bloed (22:19 vv.). Hd 20:28 vermeld die gemeente van God wat Hy deur sy eie bloed verkry het terwyl Hd 3:13-15 en 13:27-29 die dood van Jesus beskryf as 'n lyde wat in ooreenstemming met die wil van God geskied het (Kümmel 1972:159).

### 4.2.2 Geloof

In reaksie op die premis van 'n ontwikkeling van die geloofskonsep binne die Nuwe Testament vanaf 'n dinamiese na 'n statiese gegewe, wys Elliot op die gedagte dat die evangelie dinamies is omdat dit 'n gebeurtenis is wat telkens herhaal word. Die klem is voortdurend op die verandering wat deur die evangelie teweeg gebring word (Lk 4:39; 7:50; Hd 16:30). Die evangelie is nie 'n statiese dogma nie — juis dit wat volgens die aanklag van Käsemann deur die Pastorale briewe, 2 Petrus en Judas gesuggereer word — maar dit is 'n dinamiese gebeurtenis wat die resultaat is van die verkondiging van

die Woord. Juis omdat die evangelie 'n transformerende en progressiewe aksie is, kan Elliot die verdere stelling maak dat daar geen verifikasie is vir die konsep van 'n "kern-evangelie" — hetsy dié van Lukas, Paulus of Jesus — waarvolgens alle christelike ervarings ge-evalueer moet word nie. Heel tereg word verder ook 'n pleidooi gelewer vir 'n historiese kritiese metodologie wat poog om reg te laat geskied aan die geskiedenis in sy totaliteit en kontinuïteit eerder as aan kompartemente of "kerngedeeltes" daarvan (Elliot 1969:220-222).

## 4.3 Eskatologie

Conzelmann se driedelige konsep van die heilsgeskiedenis is nie in alle kringe sonder meer aanvaar nie. In hierdie verband word daar byvoorbeeld verwys na Lk 16:16, wat die *locus classicus* ten opsigte van Conzelmann se skema is, as konstituerend van slegs twee tydsfases t.w. dié vóór Johannes die Doper en dié ná hom — dus nie drie fases soos deur Conzelmann voorgestel nie (Kümmel 1972:158). Volgens Kümmel bestaan daar geen rede waarom die tyd van die kerk nie ook as heilsgeskiedenis beskou kan word nie. Die "Mitte der Zeit" is vir Lukas nie noodwendig die geskiedenis van Jesus nie maar wel die tydsfase waarbinne God in die eerste plek deur Jesus en daarna deur die apostels die boodskap aangaande die heil van die eindtyd laat verkondig het. Met die prediking van Jesus is die kerugma nie afgehandel nie; dit is nie beperk tot 'n historiese verlede nie want die tweede fase van hierdie kerugma het 'n aanvang geneem met die prediking van die kerk (Kümmel 1972:158 e.v.).<sup>5</sup>

Cullmann het aangetoon dat die sogenaamde skema van heilsgeskiedenis wat volgens Conzelmann die primitiewe eskatologie met sy nabye wederkomsverwachting sou opgevolg het, alreeds aangetref word aan die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk se bestaan. Daar was nooit 'n fase waartydens die

vroeë christene méér prominensie sou verleen het aan eskatologiese aspekte as aan die heil wat deur Christus bewerk is nie. Inherent aan die benadering van die "Frühkatholizismus" is die voorveronderstelling dat verlossing vir die vroeë kerk noodwendig 'n aspek was wat futuristies geïnterpreteer moes word. Juis op hierdie punt verskil Cullmann as hy konstateer dat die swaartepunt binne die teologie van die vroeë Kerk nie in die toekoms lê nie maar wel in die verlede — in dit wat teweeg gebring is deur die dood en opstanding van Jesus (1965:186, 196, 198). Indien hierdie standpunt van Cullmann aanvaar word, dan impliseer dit dat die stutpilaar van die idee van 'n ontwikkeling vanaf 'n vroeë tipe van Christendom na 'n vroeë katolisisme binne die Nuwe Testament, verwyder is (Marshall 1974:227).<sup>6</sup>

Soos reeds uit die voorafgaande afgelei kan word, het daar volgens die "Frühkatholizismus" 'n proses van "ont-eskatologisering" plaasgevind by Lukas en die Pastorale briewe.<sup>7</sup> Hiervolgens sou alle pogings dus aangewend gewees het om enige sinspelings op die nabye wederkoms te elimineer of te wysig en toon Lukas en die skrywer van die Pastorale briewe gevolglik min belangstelling in die eskatologie. In sy bespreking hiervan wys Bo Reicke op 'n aantal misopvattinge wat aanleiding gegee het tot so 'n benadering. Hy beklemtoon veral die tema van vreugde wat telkens in die Lukaanse geskryfte figureer. Hierdie tema kom eers ten volle tot sy reg wanneer dit verstaan word binne die konteks van die eskatologiese vreugde (vreugde van die verwagting) van die volgelingen van Jesus en wat gegrond is op die dae van Jesus (1962:76-85).<sup>8</sup>

Dat dit baie moeilik is om te ontken dat daar 'n aantal belangrike eskatologiese toespelings by veral Lukas aangetref word, word onomwonde deur 'n aantal navorsers gekonstateer. Volgens Kümmel doen Lukas afstand van die gedagte van 'n

nabye wederkoms slegs in dié opsig dat hy wil waarsku teen 'n onmiddellike wederkoms (1972:156). Bo Reicke is oortuig dat Lukas hoegenaamd nie die evangelie ont-daan het van sy eskatologiese karakter nie (1962:87). Volgens Talbert bestaan daar algemene konsensus onder navorsers ten opsigte van die standpunt dat "the Evangelist writes in terms of a salvation history which includes within it the hope for an imminent end", (1976:387). Morris vestig die aandag op 'n aantal prominente eskatologiese uitsprake wat by Lukas voorkom (soos bv. 3:9,17; 12:39; 17:20 vv.; 21:32), asook op 'n aantal verwysings wat nie by die ander evangeliste aangetref word nie (soos 10:11; 12:35 vv.; 21:27 vv.).<sup>9</sup> Hy kom tot die gevolgtrekking dat "Luke should not be regarded as playing down the question of when Jesus would come again", (1973:133).

## 4.4 Kanonvraagstuk

Soos reeds aangetoon, gaan dit vir die voorstanders van die "Frühkatholizismus" onder andere om die identifisering van die evangelie te midde van die diversiteit van Nuwe-Testamentiese getuies. Volgens Käsemann figureer die evangelie baie duidelik in dokumente soos Galasiërs en Romeine. Die leer van Paulus aangaande regverdigmaking deur die geloof staan hier sentraal. Die vraag kan egter geopper word op grond van watter prinsipe word juis hierdie aspek uitgesonder? Waarom so eensydig klem lê op die Pauliniese sentrale lyn met verwaarlosing van die ander lyne wat tog ook tot die Nuwe Testament behoort?<sup>10</sup> Is dit moontlik of selfs legitiem om na so 'n kriterium of sentrum binne die Nuwe Testament te soek? Was daar nie moontlik 'n oorsentuering deur die "Frühkatholizismus" van wat genoem is die "dominante" tendense, en 'n redusering van die sg. uitsonderings nie? Wanneer die eenheid as laaste norm gesoek word in die konsep van 'n kanon in die kanon, dan dring die moontlikheid homself baie sterk

op dat die openheid teenoor die res van die Skrif verlore geraak het (Küng 1964: 154; Sevenster 1967:42; Elliot 1969: 220; Morris 1973:124).

## 5. ALTERNATIEWE OORWEGINGS

Oor die algemeen beskou, is een van die brandpunte in die reaksie teen die "Frühkatholizismus" geleë in die gebruik van die term "Frühkatholizismus".

5.1 In antwoord op Küng se stelling dat indien die "Frühkatholizismus" reeds in die Nuwe Testament aanwesig is (soos deur Käsemann beweer) daar vir die Protestantse teoloog geen ander alternatief is as om by die Rooms Katolieke Kerk aan te sluit nie, toon Sevenster aan dat vroeë katolisisme nie dieselfde is as laat (rooms) katolisisme nie (1967:37).

5.2 Dit wat deur Käsemann getipeer word as "Frühkatholizismus" (die beroep wat o.a. op die tradisie gemaak word as die behouer van die waarheid van die evangelie asook die daarstelling van 'n gestruktureerde bediening) is volgens Marshall in werklikheid nie vroeë-katolieke nie, alhoewel dit in 'n vroeë katolieke rigting verdraai kan word. Daarenteen is dit egter 'n essensiële konstituerende element van die evangelie. Marshall verwerp ook die dilemma ten opsigte van die Protestantse teologie soos deur Küng getipeer. Dit berus volgens hom op 'n onkritiese aanvaarding van Käsemann se Nuwe-Testamentiese eksegeese. Daar is 'n derde alternatief (bo en behalwe die twee van Küng) die feit dat die sogenaamde vroeë katolieke elemente in die Nuwe Testament nie lei tot laat-katolisisme nie maar wel tot die Reformasie (Marshall 1974:131).

5.3 Elliot konstateer dat sekere Nuwe-Testamentiese geskrifte nie soseer "vroeg katolieke" is nie maar eerder "katolieke", omdat hiermee bedoel word "evangelies". "They are reflections of and witnesses to the diversity, all-inclusiveness, and

christocentricity of man's experience and expression of God's saving activity", (1969:223).

5.4 Die besondere belangstelling wat Lukas in sy evangelie sowel as Handelingte toon in die geskrewe Woord, is volgens Morris 'n groter aanduiding van "protestantisme" as van "katolisisme". Om Lukas te karakteriseer as "katolieke", selfs indien die voorvoegsel "vroeg" verwyder sou word, is om by die essensie van die saak verby te gaan. Tiperings soos "katolieke" en "protestant" is misleidend wanneer dit toegepas word op die vroeë kerk. Indien Lukas egter deur een hiervan gekarakteriseer moet word, dan kwalifiseer sy klem op die geskrewe Woord hom beslis vir laasgenoemde (1973:136).

5.5 Talbert beskryf Lukas as eksponent van "pro-Protestantisme". Hy doen ook 'n beroep om onderskeiding van kategorieë ten opsigte van die situasie binne die vroeë kerk enersyds en latere ontwikkelings wat plaasgevind het andersyds. Soms word die term "Frühkatholizismus" in 'n losse sin gebruik: Lukas-Handelingte weerspieël 'n kanonkonsep; 'n konsep wat dui op 'n aantal geloofsuitsprake; 'n konsep van 'n episkopaat wat daartoe verbind is om die ware geloof te bewaar. So beskou, sou Lukas wel as vroeë-katolieke getipeer kan word. Die term word soms egter gebruik as duidend op 'n moralisering van die geloof en 'n opvatting van die evangelie as 'n nuwe wet; 'n neiging tot sakramentalisme; 'n begrip van die bediening as die outoritêre leeramp waardeur die Woord gelegitimeer word. In sodanige konteks is Lukas nie vroeë-katolieke nie (Talbert 1970:191; 1976:392).

## 6. KONKLUDERENDE OPMERKINGS

In hierdie stuk is daar gepoog om 'n oorsig te gee van die debat rondom die "Frühkatholizismus". 'n Aantal aspekte wat in die bespreking baie duidelik na vore getree het, is die volgende:

6.1 Daar is nog lank nie konsensus bereik in die diskussie rondom die "Frühkatholizismus" nie.

6.2 Die debat rondom die "Frühkatholizismus" sal deeglik in ag geneem moet word wanneer daar gepoog word om tot 'n begrip en evaluering te kom van die Lukaanse teologie.

6.3 Veral uit par. 5 het duidelik geblyk dat een van die basiese probleme rondom die debat geleë is in die dubbelsinnigheid van die term "Frühkatholizismus". Dit is 'n ongelukkige en verwarrende term omdat "katolisisme" (vroeg of klassiek) 'n spesifieke tegniese en genuanseerde betekenis dra wat nie altyd korreler met Lukas se beeld van die vroeë kerk nie. In hierdie verband kan die beroepe wat gemaak word ter onderskeiding van verskillende kategorieë ten opsigte van die ontstaan en progressie van die vroeë kerkgeskiedenis, beslis ondersteun word.

6.4 'n Baie noue korrelasie bestaan tussen die basiese uitgangspunte van die "Frühkatholizismus" en die aanvaarding van 'n deutero-Pauliniese hipotese. 'n Geldige vraag bly steeds of die aanvaarding van laasgenoemde hipotese in enige mate minder problematies is dan bestaande teorieë.

6.5 Wanneer daar gepoog word om uitsluitel te verkry oor die basiese uitgangspunte van die "Frühkatholizismus" dan lei dit onwillekeurig tot 'n ondersoek wat strek oor 'n verskeidenheid van teologiese terreine soos onder andere ekklesiologie, soteriologie, eskatologie, kanonvraagstuk en inleidingswetenskap.

6.6 Die "Frühkatholizismus" moet beskou word as 'n poging om helderheid te verkry met betrekking tot die "grys area" binne die periode van kerkgeskiedenis na Paulus se dood, toe die kerk in 'n stryd gewikkel was om oriëntering ten opsigte van haar sending en boodskap aan die wêreld.

## NOTAS

<sup>1</sup> Laasgenoemde stelling moet beoordeel word teen die agtergrond van die klemverskuiwing wat plaasgevind het vanaf Lukas as historikus na Lukas as teoloog. Die wortels hiervan is reeds te bespeur in Bultmann se *Theologie des Neuen Testaments*. Hiervolgens sou Lukas die oorspronklike eskatologiese begrip van Jesus verloor en verder ook die oorspronklike kerugmatiese element van die Jesustradisie gehistoriseer het. Hy poog nou om as historikus die lewe van Jesus te beskryf (1968-240). Volgens Talbert sou Käsemann verantwoordelik wees vir die verdere uitbouing van Bultmann se standpunt dat Lukas-Handelingte tot daardie vroeë Christelike geskrifte behoort waarin 'n duidelike verlies van die oorspronklike kerugmatiese element van die Jesustradisie te bespeur is (Talbert 1976:382). Käsemann maak die opmerking dat hy reeds gedurende 1941-42 oortuig geraak het van die feit dat Lukas-Handelingte nie as geskiedenis maar as teologie gelees moet word. Vanweë die oorlog is hy egter op daardie stadium van verdere navorsing op hierdie terrein verhinder (1963:75).

<sup>2</sup> Die gedagte van 'n teenstelling tussen die charismatiese en institusionele aspekte het sy wortels reeds by die filosofie van Hegel in die negentiende eeu. Hiervolgens moes alle historiese progressie in drie stadia verloop te wete tese, antitese en sintese. Sterk onder die invloed van die Hegeliaanse filosofie het F.C. Baur hierdie dialektiese metode van stelling en teenstelling op die geskiedenis van die vroeë kerk toegepas. Deur voort te bou op die teenstelling wat reeds deur J.S. Semler getref is tussen die Judaïstiese Petrus-groep en die anti-Judaïstiese Paulus-groep binne die vroeë kerk, het Baur die oorsprong van die Christendom getipeer as 'n Messiaanse Judaïsme. Dit was die posisie van al die oorspronklike apostels en word gekonstateer as die tese. Die onvermydelike antitese het gevolg in die verskyningsvorm van die Pauliniese Christendom.

Onversoerbare aspekte ten opsigte van die Paulus- en Petrus-groep was aan die orde tot diep in die tweede eeu. Binne die Vroeë Katolieke Kerk het die sintese egter uiteindelik plaasgevind binne die konteks van die verering van beide die figure van Paulus en Petrus (Walker 1968:489). Die gedagte van 'n teenstelling tussen 'n charismatiese en institusionele orde binne die vroeë kerk, is voortgedra deur die Tübinger-skool. Die naam van K. Holl kan in hierdie verband genoem word. In 1921 bring hy die konsep van teëspraak tussen die oerapostels en Paulus weer sterk na vore. By Paulus heers die charismata; by die Jerusalemse gemeente is sprake van 'n organisasie van die ganse kerk op basis van die tradisiebewarende apostolaat (Holl 1928:44 e.v.; Roberts 1963: 7). In die Sohm-Harnack-debat figureer die gedagte van tese en antitese ook baie sterk (Harnack 1910; Sohm 1923). Gedurende die afgelope paar dekades sou hierdie benadering steeds wye steun geniet en telkens beklemtoon word deur o.a. persone soos Eduard Schweizer (1959), H. von Campenhausen (1963) en E. Käsemann (1963).

<sup>3</sup> Käsemann stel dit soos volg: "Als Urchristenheit kann ich nur anerkennen, was seinen Schwerpunkt noch in der Eschatologie hat, die von der ursprünglichen Naherwartung in deren Wandlungen bestimmt wird. Ändert sich dieser Schwerpunkt, muss eine neue Phase konstatiert werden. Das ist zweifellos bei Lukas und den Pastoralen der Fall," (1963:76).

<sup>4</sup> Later weer opgeneem in Schlier se bundel, *Die Zeit der Kirche*, (1955: 129-147).

<sup>5</sup> Die "Teologie van die Woord" met sy negatiewe evaluering van die geskiedenis ten opsigte van die geloof van die oerchristendom, is na die Tweede Wêreld Oorlog deur Barth en Bultmann ingelei. Dit kan beskou word as een van die wortels van die negatiewe beoordeling van die Lukaanse teologie van die heilsgeskiedenis (Kümmel 1972:163).

<sup>6</sup> Hier moet steeds in gedagte gehou word die basiese uitgangspunt van die "Frühkatholizismus" soos deur Käsemann geformuleer. Vgl. voetnota 3.

<sup>7</sup> Bo Reicke dui in hierdie verband aan hoedat daar voor en na die Tweede Wêreld Oorlog 'n woeling binne die Protestantse teologie in Duitsland veroorsaak is deur die begrip van ontmitologisering. Die invloed hiervan is mettertyd in Europa asook ander lande ervaar. Nie lank hierna het 'n soortgelyke begrip oral in swang geraak te wete "ont-eskatologisering". Dit sou impliseer dat Lukas die primitiewe eskatologie vernietig het en op hierdie wyse bygedra het tot die ont-eskatologisering van die evangelie (1962:75).

<sup>8</sup> In hierdie verband konstateer Bo Reicke dat Lukas beslis nie bloot 'n toeskouer was vir wie die lewe van Jesus 'n voltooiende hoofstuk van die heilsgeskiedenis was en die kerk 'n onverwante entiteit met geen eskatologiese oriëntasie nie. Vergelyk ook in hierdie opsig die standpunt van P.G.R. de Villiers (1976:99).

<sup>9</sup> Uit 'n verdere vergelyking wat hy tref tussen Lukas en Matteüs ten opsigte van eskatologiese verwysings, blyk dit dat "Luke has not simply taken over some traditions from Matthew or Matthew's source, but has added some interesting matter peculiar to himself. Plainly he has interest in the subject", (1973:130).

<sup>10</sup> Vgl. die opmerking deur Küng: "The bold programme 'canon in the canon' demands nothing but to be more biblical than the Bible, more New Testamentary than the New Testament, more evangelical than the Evangel and even more Pauline than Paul", (1965:147).

## BIBLIOGRAFIE

- Barrett, C K 1961. *Luke the historian in recent study*. London: Epworth.
- Beukes, M J du P 1980. Die ampte in die huidige tydsgewrig met die oog op groter differensiasie. *H.T.S.*, vol. 36, no. 1 en 2, 1-20.
- Bultmann, R 1968. *Theologie des Neuen Testaments*. Tübingen: Mohr.
- Campenhausen, H. von 1953. *Kirchliches Amt und geistliche Vollmacht in der ersten drei Jahrhunderten*. Tübingen: Mohr.
- Conzelmann, H 1954. *Die Mitte der Zeit*. Tübingen: Mohr.

Conzelmann, H 1959. Heidenchristentum. *RGG*<sup>3</sup> III, 128-141.

Conzelmann, H 1968. *Grundriss der Theologie des Neuen Testaments*. Munich: Christian Kaiser Verlag.

Cullmann, O. 1965. *Heil als Geschichte*. Tübingen: Mohr.

De Villiers, P G R 1976. *Jesus tussen opstanding en wederkoms*. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling. Stellenbosch.

Elliot, J H 1969. A catholic gospel: reflections on "Early Catholicism" in the New Testament. *C.B.Q.*, vol. 31, 213-223.

Floor, L 1976. Church order in the Pastoral epistles. *Neotestamentica*, vol. 10, 81-91.

Gasque, W 1975. *A history of the criticism of the Acts of the Apostles*. Tübingen: Mohr.

Grässer, E 1957. Das Problem der Paresieverzögerung in den synoptischen Evangelien und der Apostelgeschichte. *BZNW* vol. 22, 178-215.

Haenchen, E 1956. *Die Apostelgeschichte*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Harnack, A von. 1910. *Entstehung und Entwicklung der Kirchenverfassung und des Kirchenrechts in den zwei ersten Jahrhunderten*. Leipzig: J C Hinrichs'sche Buchhandlung.

Holl, K 1932. Der Kirchenbegriff des Paulus in seinem Verhältnis zu dem der Urgemeinde, in *Gesammelte Aufsätze zur Kirchengeschichte II*. Tübingen: Mohr.

Käsemann, E. 1949/50. Aus der neutestamentlichen Arbeit der letzten Jahre. *Verkündigung und Forschung*, 220-235.

Käsemann, E 1951/52. Ein neutestamentlicher Überblick. *Verkündigung und Forschung*, 207-222.

Käsemann, E 1952. Die Freiheit des Evangeliums und die Ordnung der Gesellschaft. *BEvTh*, vol. 15, 139-155.

Käsemann, E 1960. *Exegetische Versuche und Besinnungen, vol. I*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Käsemann, E 1963. Paulus und der Frühkatholizismus. *ZThK*, vol. 60, 75-89.

Käsemann, E 1964. *Exegetische Versuche und Besinnungen, vol. II*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Kertelge, K 1972. *Gemeinde und Amt im Neuen Testament*. München: Kösel.

Knox, J 1955. *The early church and the coming of the great church*. New York: Abingdon Press.

Kümmel, W G 1970. *Das Neue Testament. Geschichte der Erforschung seiner Probleme*. Freiburg: Karl Alber.

Kümmel, W G 1978. *Einleitung in das Neue Testament*. Heidelberg: Quelle und Meyer.

Küng, H 1962. Der Frühkatholizismus im Neuen Testament als kontroverstheologisches Problem. *ThQ*, vol. 142, 385-442.

Küng, H 1965. *Structures of the church*. London: Burns and Oates. (Oorspronklike werk in Duits ongelukkig nie beskikbaar nie).

Linton, O 1932. *Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung*. Uppsala: Almqvist und Wiksells.

Lohse, E 1954. Lukas als Theologe der Heilsgeschichte. *EvTh*, vol. 14, 256-275.

Lombard, J A 1959. Deurbrakpunte in die eskatologiese denke. *NGTT*, vol. 1, no. 1, 23-33.

Marshall, I H 1974. "Early Catholicism" in the New Testament, in R N Longenecker and M C Tenney, *New dimensions in New Testament study*. Grand Rapids: Zondervan, 1974, 217-231.

Marxsen, W 1958. *Der "Frühkatholizismus" im Neuen Testament*. Biblische Studien nr. 21. Neukirchen: Neukirchen Verlag.

Maurer, W 1956. Vom Ursprung und Wesen Kirchlichen Rechts. *ZevKR*, vol. 5, 1-32.

Morris, L 1973. Luke and early catholicism. *Westminster Theological Journal*, vol. 35, 121-136.

Mussner, F 1959. "Frühkatholizismus". *TThZ*, vol. 68, 237-245.

Neill, S 1964. *The interpretation of the New Testament*. London: Oxford.

Neufeld, K H 1972. "Frühkatholizismus" — Idee und Begriff. *ZKTh*, vol. 94, 1-28.

Patzia, A G 1980. The deuterio-Pauline hypothesis. An attempt at clarification. *Evangelical Quarterly*, vol. 52, no. 1, 27-42.

Reicke, B 1962. *Lukasevangeliet* Stockholm: Diakonistyrelsens Bokförlag.

Ridderbos, H N 1965. Kerkelijke orde en kerkelijk recht in de brieven van Paulus, in *Ex Auditu Verbi*. Kampen: Kok, 194-215.

- Ridderbos, H N 1973. *Paulus, ontwerp van zijn theologie*. Kampen: Kok.
- Roberts, J H 1963. *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief*. Groningen: V.R.B.
- Roberts, J H 1969. Die Gees en die charismata in die briewe van Paulus. *Neotestamentica*, vol. 3, 21–36.
- Schelkle, K H 1963. Spätapostolische Briefe als frühkatholisches Zeugnis, in J. Blinzler, O Kuss und F Mussner, *Neutestamentliche Aufsätze für Professor Joseph Schmid zum 70. Geburtstag*. Regensburg: Pustet, 1963, 225–232.
- Schlier, H 1955a. "Kurze Rechenschaft", in K Hardt, *Bekennnis zur katholische Kirche*. Würzburg.
- Schlier, H 1955b. Die Ordnung der Kirche nach den Pastoralbriefen, in *Die Zeit der Kirche: Exegetische Aufsätze und Vorträge*. Freiburg: Herder, 129–147.
- Schweizer, E 1959. *Gemeinde und Gemeindordnung im Neuen Testament*. Zürich: Zwingli.
- Sevenster, G 1951. Handelingen en het probleem der nabije Parousie, in *Arcana Revelata* Kampen: Kok, 119–126.
- Sevenster, G. 1956/57. De ambten in het Nieuwe Testament. *Vox Theologica*, vol. 27, 97–111.
- Sevenster, G 1967. Vroeg-katholicisme en de eenheid van het Nieuwe-Testament, in *Protestantse Verkenningen na "Vaticanum II"* S-Gravenhage: Boekencentrum, 28–43.
- Sohm, R 1923. *Kirchenrecht*. München: Duncker und Humblot.
- Talbert, C E 1970. *Jesus and man's hope*. Pittsburgh: Pittsburgh Theological Seminary.
- Talbert, C E 1976. Shifting sands: the recent study of the Gospel of Luke. *Interpretation*, vol. 30, 381–395.
- Van Unnik, W C 1966. Luke-Acts, a storm center in contemporary scholarship, in L E Keck and J L Martyn, *Studies in Luke-Acts*. Nashville: Abingdon Press.
- Vielhauer, P 1950/51. Zum "Paulinismus" der Apostelgeschichte. *EvTh*, vol. 10, 1–15.
- Walker, W 1968. *A history of the Christian church*. Edinburgh: T and T Clark.